1

BID GOD SE WOORD *oor My Kinders*

SKRIFGEBASEERDE GEBEDE EN GELOOFSVERKLARINGS

DIE SKRIF

GOD SE WAARHEID OOR MY KINDERS

Psalm 127:3 | Deuteronomium 6:6–7 | Efesiërs 2:10 | Jakobus 1:5

"Kinders is 'n erfdeel van die Here,
'n beloning uit sy hand."
Psalm 127:3

"Julle moet die Here julle God liefhê
met julle hele hart... en daaroor
met julle kinders praat..."
Deuteronomium 6:6–7

"Ons is sy handewerk, geskep in
Christus Jesus om die goeie werke
te doen wat God voorberei het,
sodat ons daarin kan wandel."
Efesiërs 2:10

"As iemand van julle wysheid kort,
moet hy dit van God vra, wat aan
almal sonder voorbehoud gee..."
Jakobus 1:5

MY GELOOFSVERKLARING

OM GOD SE WOORD UIT TE SPREEK

- Ek sal nie toelaat dat vrees die laaste woord oor my kinders se lewens spreek nie!
- Ek verklaar dat my kinders **kosbare gawes** is wat die Here aan my sorg toevertrou het. Hulle waarde word nie bepaal deur die standaarde van hierdie wêreld, hulle prestasies, hulle mislukkings of die opinies van ander mense nie.
- **Ek verklaar dat Jesus Christus die enigste vaste fondament** is waarop 'n lewe gebou kan word!
- Ek sal getrou God se Woord aan hulle leer, vir hulle verlossing bid en die Heilige Gees vra om hulle in die waarheid te lei.
- Ek verklaar dat die wysheid van God groter is as die verwarring van hierdie wêreld, en ek vra dat die Here my kinders sal vervul met wysheid, insig en onderskeidingsvermoë.
- Hulle toekoms is nie vir God verborge nie. Hulle lewens is nie buite sy bereik nie.
- Ek plaas my kinders in die **getroue hande van die Here**, en ek sal aanhou om in gebed vir hulle in te tree!

MY GEBED

HERE, VESTIG MY KINDERS IN U WAARHEID

Hemelse Vader,
Vandag kom ek met vrymoedigheid na u genadetroon en bring my kinders voor U. In die magtige Naam van Jesus Christus vra ek dat U hulle harte na U toe sal trek. Laat hulle die waarheid van u Woord leer ken. Waar die wêreld verwarring bring, skenk aan hulle onderskeidingsvermoë. Wanneer versoeking kom, versterk hulle om staande te bly. Wanneer vrees opstaan, herinner hulle aan u getrouheid.

Vader, ek bid dat hulle denke deur u waarheid vernuwe sal word en dat hulle harte gevorm sal word na die karakter van Jesus Christus.

Gee aan hulle wysheid bo hulle jare, nederigheid in hulle prestasies, moed te midde van hulle uitdagings en deernis in hulle verhoudings.
Bewaak hulle voetstappe. Omring hulle met godvresende mense wat 'n goeie invloed op hulle sal hê. Leer hulle om u waarheid te herken en die kwaad te verwerp.
Ek gee die dinge wat ek nie kan beheer nie, aan U oor, omdat ek vertrou dat u liefde, wysheid en krag groter is as my eie.
Mag Jesus Christus die fondament van hulle lewens wees, die bron van hulle hoop en die Here wat hulle volg.
In sy magtige Naam bid ek.
Amen.

2

STAAN VAS IN CHRISTUS
My Kinders

GEESTELIKE STRYDGEBEDE
STAAN VAS TEEN VREES, VERSOEKING EN MISLEIDING

DIE SKRIF
ONS GESAG IN CHRISTUS

Efesiërs 6:10–18 | Johannes 17:15–17 | 2 Timoteus 1:7 | Jakobus 4:7

"Wees sterk in die Here en in die krag van sy sterkte. Beklee julle met die volle wapenrusting van God, sodat julle stand kan hou teen die listige aanslae van die duiwel."
Efesiërs 6:10–11

"Ek bid nie dat U hulle uit die wëreld sal wegneem nie, maar dat U hulle sal bewaar vir die Bose. Heilig hulle deur die waarheid; u Woord is die waarheid."
Johannes 17:15–17

"Want God het ons nie 'n gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing."
2 Timoteus 1:7

"Onderwerp julle dan aan God. Weerstaan die duiwel, en hy sal van julle afylig."
Jakobus 4:7

MY GELOOFSVERKLARING
EK STAAN VAS IN CHRISTUS

IN DIE MAGTIGE NAAM VAN JESUS CHRISTUS!

Ek weier om toe te laat dat vrees my gebede beheer of bepaal hoe ek my kinders grootmaak!

Ek staan vas op die waarheid dat Jesus Christus oor die magte van die duisternis getriomfeer het.

Ek verklaar dat die vyand se leuens nie die waarheid is waarvolgens my kinders sal leef nie!

God se Woord is die waarheid. Jesus Christus is die Here. Sy lig is groter as die duisternis.

My kinders sal nie in vrees, wanhoop of hopeloosheid wandel nie.

My kinders sal in hul geloof vasstaan en in gebed volhard!

MY GEESTELIKE STRYDGEBED
HERE, BESKERM MY KINDERS

Vader, in die magtige Naam van Jesus Christus staan ek vandag voor U en tree ek vir my kinders in.

U Woord leer my om sterk te wees in die Here en in die krag van sy sterkte. Daarom kom ek nie in vertroue op my eie krag nie. Ek kom in vertroue op die **oorwinning van Jesus Christus!**

Here, beskerm my kinders teen die listige aanslae van die Bose!

Waar versoeking hulle van U probeer wegtrek, gee hulle die krag om te volhard en aan U gehoorsaam te bly.

Waar leuens hulle identitiet probeer verdraai, laat die waarheid van u Woord diep in hulle harte wortel skiet.

Waar vrees dreig om hulle te oorweldig, versterk hulle met moed, liefde en selfbeheersing.

Waar goddelose invloede hulle omring, skenk aan hulle wysheid en onderskeidingsvermoë.

Vader, ek bid teen elke invloed wat hulle sou aanmoedig om u waarheid te verwerp, sonde te omhels of van Christus af weg te draai.

Laat die lig van u Woord alle misleiding ontbloot!

Laat die waarheid van Jesus Christus die leuens oorwin!

Laat u Gees hulle versterk om versoeking te weerstaan!

En Here, rus my ook as ouer toe. Bewaar my daarvan om uit paniek of vrees op te tree. Leer my om met volharding te bid, met wysheid te praat en self die geloof uit te leef wat ek graag in my kinders wil sien.

Ek staan vas in Christus, beklee met die volle wapenrusting van God, terwyl ek aan die geloof vashou en voortdurend in gebed volhard.

Jesus Christus is die Here, en in Hom plaas ek my volle vertroue!

Amen.